Anché Louw saam met haar man, Hennie.

e-pos OOR Marion-eiland

Anché Louw, 'n boorling van Parys in die Vrystaat, is 'n avontuurlustige buitemens en haar passie natuurwetenskappe. G'n wonder sy het die kans aangegryp om op Marion-eiland te gaan woon en werk nie

DEUR LIESEL PIENAAR

Foto verskaf

Die Ship's Cove-strand op Marion-eiland, met die Prince Edward-eiland in die verte.

BO LINKS Op Antarktika help ek ys skep wat vir water gesmelt word. REGS Voor ons vlug op pad terug na Suid-Afrika. ONDER LINKS Ons is gul ontvang op die basis in Antarktika. REGS Suid-Afrika se SANAE IV-basis soos van bo gesien.

Jy was al verskeie kere op Marion-eiland. Wat doen jy daar?

Ná my voorgraadse studie aan die Universiteit van Johannesburg het ek in 2011 my honneurs in plantkunde aan die Universiteit Stellenbosch gedoen. Ek het gesukkel om 'n navorsingsprojek te kry wat my prikkel. Goeie studente kies eers die projek en dan kyk hulle maar waar die veldwerk gedoen gaan word. Ek sal nie sê ek was 'n slegte student nie, maar wat my heel eerste aangetrek het, was die ligging van die projek – Marion-eiland, sowat 2 000 km vanaf Suid-Afrika in die Suidelike Oseaan, wat aan Suid-Afrika behoort. Eers het ek gedink, sjoe, eiland . . . dit klink lekker, maar toe eers leeswerk gaan doen. Dié vulkaniese eiland van 270 km² is koud en nat, met rowwe terrein en ongelooflike sterk winde wat jou letterlik van jou voete af waai. Dit het vir my na 'n groot avontuur geklink en ek het drie weke lank navorsing op die eiland gedoen en bepaal hoe ver nutriënte afkomstig van die seelewe aan die kuslyn beweeg na die binneland van die eiland, waar daar geen pikkewyne en weinig ander dierelewe voorkom.

En toe gaan jy terug?

Al is Marion hoe koud en nat en soms sommer net baie onvriendelik, kruip die eiland vinnig in 'n avonturier se hart . . . die afsondering, die uniekheid, die mense wat jy ontmoet. Ek het in 2013, twee jaar ná my honneurs, aansoek gedoen om as veldassistent in plantkunde deel te wees van die oorwinterspan wat jaarliks van April tot die volgende jaar Mei op die eiland woon en werk. Veldwerk op Marion kan uitdagend wees met die ekstreme weerstoestande, maar nietemin was my fokus om die plante op die eiland se eienskappe te meet en te analiseer. In dié tyd het ek ook my toekomstige man, Hennie, ontmoet. Hy was 'n "sealer" – 'n veldassistent vir die marienesoogdier-program van die Universiteit van Pretoria wat robnavorsing gedoen het. Ons is in November 2015 getroud. Ná ons oorwinterjaar is ek nog 'n keer terug Marion toe om te help met die opleiding van nuwe spanlede.

Watter vervoer word gebruik om op die eiland te kom?

Die SA Agulhas II is 'n Suid-Afrikaanse voorraad-en-navorsingskip wat toerusting en passasiers vervoer vanaf Kaapstad na Suid-Afrika se Antarktiese basis SANAE IV in Desember, asook Marion-eiland in April en Gough-eiland in September. Marion het geen hawe nie, so ná drie tot vyf dae op see vanaf Kaapstad, na gelang van die weer, word alle passasiers na die eiland gevlieg met helikopters. Hierna is jy aan reënstewels en dapper en stapper se genade oorgelaat.

Vertel oor die weerpatrone?

Die weer is soms onvoorspelbaar, met vier seisoene in een dag. Die gemiddelde temperatuur is tussen 4 en 6 °C. Dit reën ongeveer 300 dae in 'n jaar en in die wintermaande sneeu dit heelwat. Die wind kan maklik teen 120 km per uur waai en jou letterlik van jou voete af lig. Jy raak egter gewoond aan die konstante gesuis van die wind in jou ore.

Is daar baie Suid-Afrikaners op die eiland?

Die oorwinterspan bestaan uit min of meer 20 lede. Die eiland het geen ander bewoners nie.

Raak 'n mens ooit buierig in sulke omstandighede?

Ja, absoluut. As jy wakker word in die oggend en die eerste ding wat jy sien, is yskristalle teen die ruit en die wind skud die basis dat die laboratorium se deurtjies bewe, dan voel jy nie altyd lus om jou volle mondering aan te trek en uit te gaan nie. Soos die tyd aanstap, ontwikkel jy egter affiniteit vir dié tipe weer. As jy dan terug is in die Kaap, mis jy dit om sopnat in die basis in te kom en te voel die dag was 'n sukses.

Watter tipe klere pak jy in?

Die departement van omgewingsake verskaf al jou werksklere. Dit sluit in oorpakke, waterbestande broeke en baadjies, dik kouse, reënstewels (dit is al waarmee jy op die eiland kan loop), termiese klere vir die bytende wind en 'n paar ander items. Verder pak jy gewone klere om in die hoofbasis aan te trek. Gedurende my jaar op die eiland is die basis se temperatuur op min of meer 8 °C gehou. Dit klink koud, maar jy akklimatiseer ná 'n ruk en ons het selfs kortbroek gedra.

Beplanning vir kos is seker 'n reuse-taak?

Die departement van omgewingsake beplan en vervoer kos in houers na die eiland. Basiese aanmaakkoeldrank word verskaf en elke spanlid kry sjokolade en pakke lekkers. Verskeidenheid kan egter 'n probleem raak en dus pak jy goed waarvoor jy dink jy dalk lus kan raak, want daar is vir 13 maande geen opsie om gou winkel toe te gaan nie.

Hoe klop jy verveeldheid?

Die meeste veldwerkers se werk vereis om daagliks ver en moeilike afstande af te lê, wat min kans vir verveeldheid

BO LINKS 'n Olifantrob bak in die son op Marion-eiland. REGS Moordwalvisse word gereeld in die baai gewaar. ONDER LINKS Een van die ongelooflike gesigte op die eiland: Rooi Kasteel, 'n berg bedek met rooi basaltiese lawa afkomstig van 'n vulkaniese uitbarsting. ONDER REGS Die navorsingsbasis in die sneeu.

Foto verskaf

laat. Die basis het wel twee TV-kamers vir ontspanning, waar menige aand fliek gekyk word (daar is geen DStv nie). In die een het ons soms smiddae aërobiese oefeninge gedoen. Daar is ook 'n gimnasium met basiese toerusting, en 'n sauna waar jy lekker kan ontspan en jou seer spiere lawe ná 'n lang dag van ure se loop. Verder kry elke spanlid een kookbeurt per maand. Woensdae en Vrydae was altyd braai-aande en dan was elkeen verantwoordelik vir sy eie vleis, maar die manne het meestal vir ons gebraai (daar is 'n binnenshuise gas-en-houtskoolbraaier).

Wat gebeur as jy siek raak?

Die basis op Marion beskik oor 'n hospitaal met 'n apteek-afdeling. Die mediese beampte wat deel is van die oorwinterspan, sal jou vir byna enigiets daar kan behandel, maar indien jy so erg beseer is dat dit jou en jou span in gevaar stel om die ekspedisie te voltooi, kan die SA Agulhas II die eiland binne 2-3 dae bereik.

Jy was al in Antarktika ook?

Ja, nadat ek van Marion teruggekeer het, is ek 'n werk aangebied by die Antarktiese Erfenisprojek, waar ek eers deeltyds wetenskapskommunikeerder was. Ek moes praatjies by skole en nagraadse instansies lewer oor Suid-Afrika se wetenskaplike werk in die Suidelike Oseaan en die sub-Antarktiese eilande Marion en Prince Edward. Die doel van die praatjies was bewusmaking en so het die projek vir my 'n voltydse werk geword.

Die Erfenisprojek het twee hoof-fokuspunte: Die eerste is om die geskiedenis van Suid-Afrikaners se betrokkenheid in die Antarktiese en sub-Antarktiese dele sedert die laat 1940's op 'n aanlyn databasis te dokumenteer. Die tweede is om nasionaal en internasionaal bewusmaking van hierdie betrokkenheid te skep. Dié dokumentering en bewusmaking word gedryf deur ons webtuiste www.antarcticlegacy.org, asook die webtuiste van die SA Nasionale Antarktiese Program (www.sanap.ac.za) wat deur ons geadministreer word. Om hierdie rede het ons Antarktika in Januarie 2019 besoek om foto's van onder meer die basis te neem en 'n virtuele museum te bou. Dit behoort binnekort op die SANAP-webtuiste te sien te wees. Verder het ons verskeie artefakte gaan digitaliseer sodat dit deel kan vorm van die argief. Dit was besonders om die persoonlikhede te leer ken van die mense wat hier oorwinter en aan die opgradering van die basis werk.

Hoe verskil Antarktika en Marion?

Dit is twee verskillende wêrelde! Marion is 'n eiland met 'n groen kuslyn, waar miljoene pikkewyne, ander seevoëls, antarktiese en subantarktiese pelsrobbe, olifantrobbe en ander spesies 'n broeiplek vind. Hierdie eiland is vol lewe en slegs vir 'n kort tyd van die jaar met sneeu bedek.

Antarktika, aan die ander kant, is heeljaar met sneeu en ys bedek en daar is byna geen dierelewe by die Suid-Afrikaanse basis nie. Die omgewing is meer ongenaakbaar en ook baie droog in vergelyking met die vogtige Marion.

Wat mis jy die meeste van jou avonture?

Beslis dele van my Marion-ervaring. Om deel te wees van 'n oorwinterspan is iets wat altyd by jou bly. Ek mis die isolasie, om vir 13 maande nie inkopies te doen nie, nie te bestuur nie en nie my huis se deur te sluit nie. Ek mis die geluide van die diere, as 'n swerwer-albatros met 'n vlerkspan van drie meter oor my kop vlieg en ek myself nog kouer skrik. Ek mis dit om in een van die veldhutte (daar is nege op die eiland) te slaap en ure om te luister hoe die see teen die rotse breek, gevolg deur 'n hut wat effens skud, en die antarktiese pelsrobwelpies wat na hul ma roep. En die suiwer natuurskoon en eenvoud.

Waar is aardverwarming die sigbaarste?

Dis oral ter sprake. Marion se somers word al hoe warmer en die gemiddelde van 300 dae per jaar se reën word elke jaar minder. In die verlede het 'n permanente yslaag die binneland bedek, maar tans smelt dit byna weg in die warm tydperk. Dis 'n duidelike teken van aardverwarming aangesien ons die eiland as 'n natuurlike laboratorium beskou, wat beteken dat daar geen fabrieke of motors is wat die verskynsel "onnatuurlik" beïnvloed nie.

Ook Antarktika wys tekens van aardverwarming, met ys wat afbreek en etlike honderde kilometer ver strek.

Ons planeet moet . . .

Meer waardeer word, en die dienste wat sy gratis aan ons verskaf, moet meer erkenning kry. Dit is tyd dat ons weer nader aan die aarde begin leef.

WOON JY OORSEE?
Vertel ons daarvan!
Stuur e-pos na
pieter.hugo@sarie.com